

## **ALGEMENE VRAE EN ANTWOORDE**

**VRAAG**            **Wie is Solarflare en wat doen julle?**

**ANTWOORD**

- Solarflare, is 'n alternatiewe energie diensverskaffer, ons voorsien oplossings vir alternatiewe krag (hoofsaaklik sonkrag). Ons hoof fokus is die Agri asook komersiele kliente. Ons doel is om 'n pakket te kan bou wat sakpas as ook aan die gespesialiseerde behoefte van elke klient voorsien.

**VRAAG**            **Wat maak Solarflare uniek?**

**ANTWOORD**

- Solarflare bied 'n inoveerende produk saam met Eskom en Nersa aan, waar die boer krediete kan bank, hy word dus 'n invoerder van Eskom krag.
- Ons maak seker dat die aansoek wetiglik volgens Eskom keuringsprosesse gevolg word.

**VRAAG**            **Hoe lank is julle al in die bedryf?**

**ANTWOORD**

- Agt jaar in die sonkrag bedryf

**VRAAG**            **Hoeveel stelsels het julle al opgerig, en waar?**

**ANTWOORD**

Tans 19 stelsels opgerig, vele meer in pyplyn

Ons mark is landwyds versprei,

Besproeiings boere:

- Hofmeyer, eerste stelsel in SA
- Oos-Kaap, die boer is wetiglik gekoppel aan Eskom lyn en is dus tans 'n invoerder van krag, en bank hy reeds krediete.
- Vrystaat, teen die Vaalrivier, die boer is 'n invoerder van krag is sy krediete word gebank.

Ons diens ook die kommersiële en residentiële mark waar besighede en huis houdings oorskakel na sonkrag

**VRAAG**            **Watter diens bied Solarflare?**

**ANTWOORD**

Solarflare ko-ordineer die hele proses van A tot Z,

- Behoeftebepaling
- Finansierings aansoek en proses
- Eskom aansoek en proses
- Ingenieurs ontwerpe/verslae
- Oprigting asook ingebruikneming ("commissioning").
- Instandhouding

## KOSTES

### VRAAG

#### Na aansoek goedkeuring, wat is die proses en verdere kostes?

### ANTWOORD

- +-R2,000.00 direk betaalbaar aan Eskom vir eerste aansoek om lynspasie te bepaal.
- Spasie bepaling vir goedkeuring om te mag invoer om krediete te bank, op Ruraflex punt: R5,000.00 tot R30,000.00 per transformer.
- Met bevestiging van betaling, waarna goedkeuring volg ontvang klient 'n "Budget Quote".  
{Slegs transformer groter as 100 KVA benodig Nersa goedkeuring wat R200 kos en ons betaal dit aan Nersa}.
- "Landrate" punt proses verskil. Omskakeling vanaf "Landrate" na Ruraflex vereis 'n tarief veranderings aansoek, sowel as 'n SSEG aansoek. Omskakelings tarief is tussen 20,000.00 tot R40,000.00.
- **Bogenoemde slegs 'n estimasie.** Let op faktore wat prys verskille kan bepaal:
  - groottes van transformers
  - Eskom wat uitkom om meters te bepaal wat in die Eskom kaste is gelykstaande is aan die regte elektroniese meters wat werk ooreenstemmend met Eskom se rekening afdeling.
  - 'n Maandelikse krag rekening word getstuur wat wys hoeveel krediete gebank word, ook gedurende watter tye (Rooi, Geel of Groen)
  - Die rekening reflekteer die krediete afgetrek op maandelikse basis

### VRAAG

#### Tydlyn: Van aansoek, keuring tot instalasie..

### ANTWOORD

- Finansierings aansoek: 1 tot 2 weke
- ± 5 maande Eskom bepaling vir lyn spasie om krag te mag Koppel.
- Indien spasie beskikbaar is daar fooi van +-R2,000.00 {afhangend van die grootte van die transformer}

### VRAAG

#### Dokumentasie benodig vir aansoek

### ANTWOORD

- 12 maande se krag rekeninge van elke punt wat 'n Rurafleks en "Landrate" punt het. (Rekening word gebruik om die gemiddeld van elke ruraflex punt uit te werk). Albei rekeninge word gebruik om die SSEG aansoeke te voltooi, indien wel 'n "landrate" punt word omskakelings aansoek in te gevul.
- Omskakelings permit: benodig ons die rekening se naam sowel as die grote van die punt. Die inligting word gebruik om ROI uit te werk.
- 'n Kliënt kan net terugvoer op 'n Rurafleks punt kry en nie op "Landrate" punt nie tensy die kliënt die omskakelings aansoek doen.
- Ons benodig 'n mandaat vanaf die kliënt om ons toestemming te gee om voort te gaan met die aansoek asook om namens hom met Eskom te mag praat oor sy besigheid.

- Die 'POPI act' vereis dat die kliënt eers toestemming moet gee voor ons mag praat met Eskom of Nersa.

VRAAG

### **Wat van Load-Shedding en krag kostes?**

ANTWOORD

#### RISIKOS VAN SLEGS ESKOM

- Naas loadshedding is die grootste risiko die abnormale krag verhogings wat Eskom wil implementeer jaarliks (moontlike 15% )
- Die kliënt kan nie meer ekonomies en volhoubaar boer en sy besigheid winsgewend kan hou in die toekoms nie.
- Krag gaan te duur raak en die kwaliteit van Eskom se krag verswak, dit veroorsaak baie skade met pompe en ander krag onderdele.

#### VOORDELE VAN SOLAR STELSEL

- As 'n stelsel aangeskakel word en die kliënt voer krag in op die Eskom lyn, voel die kliënt nie meer die krag verhogings van Eskom nie.
- Die sonkrag stelsel absorbeer kostes, dit beteken dat 'n kliënt se krag rekening konstant gaan bly vir 'n tydperk en dan heeltemal gaan verlaag oor die langer-termyn.
- Nadat die stelsel afbetaal is, betaal die kliënt slegs sy admin fooi en paal fooi. Daar sal ook 'n bedrag wees vir die gedeelte krag wat gebruik word vanaf Eskom, bv wanneer die boer in die nag wil besproei en wanneer krag wat gebruik word op 'n bewolkte dag.
- Die besparing kan tot 80% wees as die kliënt stelsel effektief gebruik, bv in die dag wanneer die stelsel krag opwek. Kliënte moet hulle besproeiings manier en bestuur aanpas by die sonkrag opwekking stelsel in sy besit.

VRAAG

### **Hoe kan ons besighede "oorleef" gedurende loadshedding?**

ANTWOORD

- Huidiglik is dit baie moeilik om Load-Shedding te bestuur a.g.v kostes, beskikbaarheid en oneffektiwiteit van die batterye.
- Die batterye se lewensduurt is kort en daar is nie waarborge op die batterye vir lang tydperke nie. Die battery se gedeelte is duurder as die stelsel self.

Die besigheid kan in twee fases gedeel word:

- In fase een word 'n "Grid-Tie" stelsel opgerig om krag te bespaar
- fase twee, nadat die stelsel afbetaal is om dan te kyk na wat gedoen kan word om Load-Shedding te kan bestuur.

VRAAG

### **Wat kos die stelsels (Alles in ag geneem)**

ANTWOORD

± R14,00 per watt

- Die prys word beïnvloed deur kabel lengtes en verskillende terreine voorbereiding, heinings, akkomodasie en ander addisionele en ekstras wat die kliënt sal wil by hê op sy stelsel.



- Die solar stelsel in geheel moet ook verseker word deur die kliënt nadat dit gebou is. Die kliënt kan 'n diens kontrak uitneem by Solarflare vir 'n termyn en waar daar dan op 'n gereelde basis gekyk word of alles t.o.v die stelsel nog reg is en ook dat die stelsels nog 100% effektief is t.o.v die hoeveelheid krag wat hulle moet opwek.
- Die kliënt moet die panele skoon hou om effektiwiteit te verseker, dit is gewoonlik stof wat die panele vuil maak. Die panele kan met 'n brandspuit skoon gespuit word, slegs met water, geen by-middels of chemikaliëe mag gebruik word nie.

**VRAAG** **Wat moet gedoen word as jy batterye wil bysit of 'n krag opwekker wil koppel aan die stelsel?**

**ANTWOORD**

- Die stelsels word klaar so gebou om reg te wees as 'n kliënt batterye of 'n kragopwekker wil koppel aan die stelsel.

**VRAAG** **Eskom ekstra vereistes t.o.v Sonkrag stelsel opgerig**

**ANTWOORD**

- Eskom het 'n klomp vereistes en reëls t.o.v die solar stelsels, maar al die punte is deel van die projek plan wat die installeerders doen en hanteer.
- Eskom moet net toegang hê tot die stelsel by die toegangshek waar die stelsel gebou is en ook by die Eskom boks waar Eskom en die kliënt elkeen hulle eie breakers het om af te skakel vir veiligheid indien hulle aan die lyne of transformer sou wou werk en om toetse te kan doen en of enige ander rede waar gewerk word aan die stelsels.

**VRAAG** **Hoe lank vat dit om 'n stelsel te bou?**

**ANTWOORD**

- Afhangend van hoe groot 'n stelsel is 5 nook hoe die terrain lyk kan dit enige iets vat vanaf twee weke tot ses weke om 'n stelsel te bou. Stelsel groottes wissel vanaf 'n 60KW stelsel tot en met 'n 350KW stelsel vir Ruraflex. "Landrate" se groottes is enige iets van 12kW tot 75kW.

**VRAAG** **Besparings en Kwotasies**

**ANTWOORD**

- Solarflare doen 'n volledige ontleding van die kliënt se fisiese krag situasie t.o.v kostes, paalfoeie asook admin foemie. Die gemiddelde sonlig tyd deur die jaar word ook ontleed.
- Na die volledige ontleding, word 'n aanbeveling gemaak aan die klient. Dit sluit 'n kwotasie in met 'n stelsel wat aanbeveel word.
- Daar word 'n voorlopige waardasie gedoen in die begin van die onderhandelinge en dan 'n finale kwotasie na goedkeuring by Eskom.

- Die kwotasie is gewoonlik net geldig vir 5 dae a.g.v moontlike veranderinge in die pryse van die panele, rame, invertors en kables.
- Met die aftekening van finale ooreenkoms, neem Solarflare se span volle beheer van die projek. Die kliënt sal slegs waar dit kom by finansiering en of terrain voorbereiding, betrokke raak.

## DIE TOEKOMS

- Ons glo dat daar baie vinnig nuwe batterye en of iets anders in plek sal wees in die wereld in die volgende 4 of 5 jaar wat bekostigbaar en effektief sal wees om krag te stoor om Load-Shedding teen te werk of dan heeltemal van die Eskom grid af te gaan.
- Daar is 'n nuwe "Cold Liquid Battery" wat getoets word en wat binnekort beskikbaar gaan wees om krag te stoor. Die batterye word koud as hy baie laai met 'n miljoen cycles om pap en styf te kan word en met tot 10 tot 20 jaar waarborg.
- Die tegnologie groei teen 'n geweldige tempo en die strewende is om ond kliente heeltemal van die grid af te haal en om alle krag self op te wek.
- Dus 24-uur krag beskikbaarheid.
- Hybrid sisteme is ook 'n oplossing vir baie kliënte se krag probleme.

## SSEG aansoek foie

| SUPPLY SIZE CATERGORY                                                  | APPLICABLE STANDARD QUOTATION FEE |
|------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------|
| 0 – 350kW (SSEG with an existing LV Eskom supply)                      | R 1 861.15 + VAT = R 2 140.32     |
| > 350kW – 1MW (SSEG with an existing LV Eskom supply)                  | R 3 356.52 + VAT = R 3 860.00     |
| > 0kW – 1MW (SSEG with an existing MV Eskom supply)                    | R 16 765.22 + VAT = R 19 280      |
| *These fees are subject to change based on the approved rates per year |                                   |